Sing vooraf: Psalm 93:4 (p. 470)

4 Al u getuig'nis, HEER, is gans getrou, / beloftewoord sal U vir altyd hou.
U tempel sal, wat ook om ons vergaan, / net soos u trou, onskendbaar bly bestaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:4 (p. 706)

4 Gods sterkte is nie soos mensemag / wat heil van oorlogsperde wag,
of van die bene, sterk gebou, / waarop die krygsman vas vertrou.
Maar húl alleen kan Hom behaag / wat needrig na sy sterkte vraag,
en, hoe dit ook mag teëloop, / Hom vrees en op sy goedheid hoop.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir 'n nuwe lewe met Psalm 19:7 (p. 84)

7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Wet

Psalm 19:7 (p. 84)

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 96:8 (p. 481)

8 Laat aarde en hemel juig voor Hom! / Want Hy, die Wêreldregter, / die strenge Saakbeslegter,
groot in geregtigheid, Hy kom! / Hy kom, waar en getrou, / sy strafgerigte hou.

Skriflesing: Esra 10

Teks: Esra 10:11

Gee dan nou aan die HERE, die God van julle vaders, die eer en doen wat Hom behaag en sonder julle af van die volke van die land en van die vreemde vroue. (Esra 10:11 AFR1953)

Oneerlikheid haal mens soms baie swaar in. Dikwels is die saak nie so maklik om reg te maak nie, en is dit uiters onaangenaam om die dinge wat verkeerd gegaan het, weer reg te maak.

So ’n geval het ons hier. As mens die eerste keer van die saak hier lees, is dit asof jy nie jou eie oë kan glo nie!

- Is dit regtig moontlik dat die Here van ’n man kan verwag om sy eie vrou en kinders weg te jaag?
- Die Here is dan juis die Een wat egskeiding verbied, en hier is daar nie eers sprake van om huwelike te probeer red nie, die HERE eis net doodeenvoudig dat hierdie huwelike (wat selfs gelukkig was) tot niet gemaak moet word.

Waarom is die Here hier so onverbiddelik? Die geskiedenis loop al ’n pad van honderde jare.

- Toe die Israeliete in Kanaän ingetrek het, het die Here hulle al verbied om met die mense van die land te trou.
- Die rede is dat ’n man se vrou hom maklik van sy God kan vervreem.

Ons het talle voorbeelde hiervan in die Bybel. Een is Salomo.

- Met al sy wysheid en geweldige verstandsvermoëns kon hy nie op die lang duur teen sy vrouens weerstand bied nie, en aan die einde van sy lewe kry ons hom in die afgodstempels saam met sy vrouens.
- Die Bybel skryf dat die ondergang van hierdie man deur sy vrouens bewerk was.

Ons het ook so ’n voorbeeld by Bileam gesien.

- Hy kon dit nie waag om die volk Israel te vervloek nie, maar hy het tog vir Balak die raad gegee dat die meisies van sy volk die seuns van die Israeliete moes verlei.
- Dit het toe gebeur.
    - Die Israeliete wat by hierdie vermenging betrokke was, is na die feeste van Baäl-Peor genooi.
    - So het hulle ook aanbidders van die betrokke afgodsdiens geword.
- Die Here het toe kwaad geword hieroor en die Israeliete gestraf met ’n plaag waarin 24 000 van die mense gesterf het.

Die beginsel is baie duidelik:

- Verkeerde vrouens maak ’n kwesplek in die man se godsdiensmondering oop.
- Met die regte vrou kan sy godsdiens hoogtepunte bereik – maar met die verkeerde vrou kan sy godsdiens laagtepunte bereik, of selfs heeltemal verkeerd raak!
- Dit is presies wat die Here wou verhoed.

Hierdie stuk geskiedenis waarvan ons gelees het, gebeur natuurlik na die ballingskap.

- Daar is ’n klomp mense terug na Palestina toe.
- Hulle het maar swaar gekry en moes baie druk en weerstand verduur van die mense wat in die tussentyd in hulle land ingetrek het!

Die Here het weer – soos in hulle vroeëre geskiedenis – aan hulle die opdrag gegee om nie met die heidenvroue van die land te trou nie.

- Die mense wat met hulle terugkeer daar gebly het, was meestal heidene.
- Die heidense vrouens het die mans verlei om nie die Here te dien nie.

Ons lees byvoorbeeld dat Nehemia (13) wat in dieselfde tyd as Esra gelewe het, so kwaad geword het vir die Joodse mans dat hy hulle besweer het en hulle hare uitgetrek het omdat hulle met heidense vrouens getrou het!

- Nehemia het byvoorbeeld in die straat afgestap en dan hoor hy die kinders in die straat speel en hoe hulle dan Asdodies of Ammonities of Moabities praat.

- Hy het toe met hulle probeer Hebreeus praat en uitgevind dat die kinders dit nie kon doen nie.
- Hy het dadelik besef dat hierdie kinders dan ook nie die Bybel ken nie, want al die boeke wat toe reeds bestaan het, was in Hebreeus en hulle het ook hulle godsdiens in Hebreeus of Aramees beoefen.
- Hy was ook kwaad omdat die Jode hulle taal prysgegee het vir die vrouens met wie hulle getrou het.
- *As 'n man so swak is dat hy sy taal prysgee, gee hy ook sy godsdiens prys. Die volk het dus teen die Here gesondig.*

Die saak in die geval van Esra was dus baie kompleks:
- Eerstens het hulle 'n verbond met die Here gehad om nie heidense vrouens te neem nie.
- Tweedens het hulle dit wel gedoen en daarmee hulle geloof in en aanbidding van God prysgegee.
- Maar in die derde plek moet ons ook die sosiale hier in berekening bring – hulle het hulle kultuur prysgegee.

Waarom het die ding gebeur?
- Die eerste antwoord is net doodgewoon dat die mense nie die druk kon hanteer nie.
- Hulle het met hierdie heidense vrouens getrou om 'n soort van soenoffer aan die vyandige heidene aan te bied sodat hulle daardeur die steun en goedgesindheid van die heidene kon probeer kry.
- Daardeur kon hulle maklik eiendom aankoop.

Die poging het jammerlik misluk, want die Here was ontevrede – Hy het dit as kontrakbreuk beskou en het toe die volk gestraf daaroor.
- Hy het dit vertolk as dat hulle meer verleë was oor die guns van die heidene as oor die guns van God!
- Hy verwag dat as Hy iets eis, die mense wat aan Hom behoort, ten alle koste by hierdie ooreenkoms sal bly!

Die mense wat hierdie fout gemaak het, was nogal die stam van Juda en die stam van Benjamin – die mense van hulle wat teruggekom het.
- Hulle is voorgegaan deur die godsdiensleiers!
- Die volk het gedink dat die HERE na tagtig jaar sal vergeet!
- Maar dit was toe nie so nie! Die HERE het dit nog steeds van hulle verwag!

Dit is baie merkwaardig dat juis die manne van Juda en Benjamin hierby betrokke was, want die Here Jesus is later uit die stam van Juda gebore omdat Josef uit die stam van Juda was – en Maria uit die stam van Benjamin!

Hoe maak mens nou so 'n fout soos hierdie reg? Jy het dan klaar die vrou, en jou kinders is al klaar gebore!

Al het wat gebeur, as dit verkeerd is, moet jy hervorm, en jou fout regmaak! Dis al.
- Daarom is daar toe 'n volksvergadering belê en almal was daar.
- Dit was 'n koue en reënerige dag en die opoffering was groot.
- Hulle het in elke geval manne aangewys wat hulle besluit moes afhandel.
- Hulle besluite was om die vreemde vrouens en hulle kinders terug te stuur na hulle mense toe.

Dit het nie so maklik gegaan nie.

- Die mense het drie maande gewerk aan die taak.
- Hulle het lyste opgestel van die kerkleiers wat heidense vroue gehad het en van die res van die volk.
- Hulle het elke geval individueel opgeroep en behandel.
- Almal het ooreengekom om van hulle vrouens en kinders afstand te doen.

Ons moenie dink dat dit sonder pyn en hartseer was nie.

- Geen man gaan sy kinders sommer net so wegjaag nie.
- Ook nie sy vrou nie!
- Hulle moes deur regshandelinge gaan, want die owerstes het oor die sake gehandel.

Die mense moes kies tussen die hartseer of die woede van God, want die Here het hulle van die begin af verbied om met die mense te trou.

- Nou moet hulle kies: óf hulle volhard met ’n daad wat van die begin af verbied was en wat verkeerd is teenoor die Here óf hulle moet die pyn verduur en die saak regmaak.

Ons het hier te doen met die beginsel van reformasie/hervorming.

- Die Here Jesus het dit ook deur sy hele optrede toegepas, naamlik om nooit iets toe te laat of prys te gee ten koste van dit wat voor God reg is nie.
- Dink maar aan die twee kere toe Hy die tempel gereinig het.
- Sy dood is ook om dit wat verkeerd was, reg te maak, naamlik om die toorn van God oor ons sondes te dra, sodat ons verhouding met die Here herstel kan word.

Die klompie Jode rondom Esra het net die hartseer gehad om hulle vrouens en kinders terug te stuur na hulle heidense families toe.

- Daarteenoor moes die Here Jesus sy eie lewe gee.

Dit is tog ’n baie groot verskil. En daarom is die gevolge ook so verskillend:

- Die Jode het nie verbeter nie, ondanks hierdie geweldige poging tot reformasie.
- Die Here Jesus se dood is absoluut versoenend vir dié wat betrokke is, en tot volkome herstel van hulle lewens.

Daarom staan ons ook voortdurend onder die eis van reformasie.

- Daar is net die verskil by dat die Jode hier ’n geleentheid gegun was om hulle foute reg te maak.
- Ons het nie so ’n kans nie, want ons leef in die Nuwe-Testamentiese tyd – ons het reeds die saligheid in Christus, en daarom moet ons ten alle koste binne die raamwerk van hierdie verlossing lewe.

Anders gaan ons in die oordeel hierdie pyn beleef om van ons mense af weggeruk te word – in die duisternis van die hel in.

- Simbolies het ons bekering in die optrede van die manne wat hulle na God keer, al is dit met hartseer.
- Die vrouens en die kinders wat teruggestuur word na die heidendom toe, is die simbool van die verlorenes.

Kyk net na die volgende:

- Dit gaan daaroor dat die verlorenes die gelowiges van hulle geloof probeer beroof.
- En dat die gelowiges – al is dit met hoeveel pyn – moet bly by wat die Here vra, anders gaan dit later op hulle gewreek word.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 61:6 (p. 299)

6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as ’n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Julie 2008

Opsomming

Die Here se eise wat ons moet nakom, verander nooit. As ons daaraan ongehoorsaam is, gaan dit ons iewers inhaal. Om sulke foute dan reg te maak, het meestal geweldige pynlike gevolge. Daarom is die regte pad dat ons soos die Here Jesus self so absoluut as moontlik die regte dinge moet doen en nie ter wille van enige iets die Here se reëls oortree nie.